OO.4.4.2 Deelnamepunt

Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel uit die opdragte en onderrigleeraktiwiteite ooreenkomstig die studiegids.

OO.4.4.3 Modulepunt

Die verhouding van die deelnamepunt tot die eksamenpunt is 50:50.

OO.4.4.4 Slaagvereistes

- (i) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40%.
- (ii) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van ten minste 50%.
- (iii) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik soos aangedui in A.8.5 te slaag.

OO.4.4.5 Herhaling van modules

Ooreenkomstig A.10.3 geld die volgende reëls:

- i) 'n Leerder het binne die 12 maande vanaf die datum van eerste registrasie van 'n bepaalde module twee geleenthede om 'n eksamen in die betrokke module af te lê.
- ii) 'n Leerder wat na afloop van die twee eksamengeleenthede, ongeag of een of albei die geleenthede benut is nie in 'n module slaag nie, moet die betrokke module herhaal.
- iii) Enige leerder wat modules herhaal moet herregistreer vir hierdie modules en moet van vooraf kwalifiseer deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (OO.2.5.1).

OO.4.4.6 Terminering van studies

- (i) Die studies van enige leerder kan ingevolge A.9 getermineer word indien 'n leerder die maksimum duur van die studie oorskry.
- (ii) Aan die einde van twee opeenvolgende studiejare nie minstens die helfte van die krediete vir die kurrikulum verwerf het nie.

OO.5 MODULE-UITKOMSTE

Die tyd wat aangegee word by die modules dui op die maksimum duur van die eksamenvraestel vir die spesifieke module.

OO.5.1 GEVORDERDE ONDERWYSSERTIFIKAAT (GOS)

AGSK 512 AFRIKA-GESKIEDENIS (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van die module behoort die leerder kennis oor en insig in aspekte van die geskiedenis van Afrika te hê, wat deur 'n geskiedenisonderwyser in die Algemene Onderwys en Opleiding- en Verdere Onderwys en Opleidingfasies benodig word. Hierdie aspekte sluit in: geselekteerde fasette van die voor-koloniale geskiedenis van die kontinent, kolonialisme in Afrika en die vryheidstryd, die proses van dekolonisasie, politieke en sosio-ekonomiese tendense in na-koloniale Afrika, en Afrika se internasionale betrekkinge tydens die Koue Oorlog. Die leerder moet 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van verskillende historiese vertolkings ontwikkel en basiese vaardighede in die verwerking en kommunikasie van historiese inligting verwerf. Die vakinhoud van hierdie module word aangewend as die kennisbasis vir die VGAK 511-vakdidaktiekmodule. Deur die kombinasie van die twee modules word vakkennis en didaktiese beginsels en metodes op 'n vervlegte wyse aangebied.

ASDK 522 APPLIED SUBJECT DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH (16 krediete)

2 ure 40:60

Learners should be able to:

- Determine and discuss the theories that explain how each of the language skills develops.
- Interpret and implement a variety of teaching methods and techniques to teach the language arts.
- Design instructional language activities and materials that provide learners with adequate experiences to achieve the learning outcomes.
- Order instructional language activities into coherent lesson plans.
- Identify and formulate learning outcomes to teach the language arts.
- Identify and implement assessment standards, tools and techniques to assess the language arts.
- Develop teaching programmes within the framework of OBE.
- Project professional and ethical values in all educational operations.

ATEK 511 ADVANCED ENGLISH STUDIES (16 credits)

3 hours 40:60

Learners are expected to demonstrate advanced knowledge and skills regarding Engels as an academic subject. They demonstrate ability to read and analyse literary texts from different genres and to construct coherent and logical arguments in their discussion of these works. As teachers they are expected to demonstrate their understanding of the role played by literature in the life of citizens in South African society and to integrate their knowledge of literature and the grammar of Engels in their teaching of Engels as a first or additional language.

**CDEK 511 CONSTRUCTION AND DECONSTRUCTION IN THE STUDY OF ENGLISH
(16 krediete)**

3 hours 40:60

Learners are required to demonstrate advanced knowledge of the grammar and linguistics of the English language. As subject specialist they are required to apply their knowledge of syntax, semantics, phonology and morphology of English to teach English as a first or additional language. They are furthermore required to demonstrate ability to construct meaning and form opinions by critically examining different meanings of literary texts and to integrate this knowledge in their teaching of English as a first or additional language.

EDFM 523 INLEIDING TOT NAVORSINGSMETODES (8 krediete)

1½ 40:60

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- Die konsep, opvoedkundige navorsing en verskillende tipes navorsing te kan verduidelik;
- Navorsingsprobleme, probleemstelling en betekenis/bydrae van die studie te kan ontwikkel;
- 'n Literatuurstudie te kan onderneem en 'n hipotese te formuleer; Te verstaan hoe om kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes in opvoedkundige navorsing toe te pas
- Navorsingsontwerp en prosedures te ontwikkel, 'n populasie te kies en om steekproeftegnieke toe te pas;
- Geskikte navorsingsinstrumente en data insamelings prosedures te ontwikkel;
- 'n Data-analise te onderneem, insluitende beskrywende en inferensiële statistieke; en
- Om bibliografiese verwysings korrek te gebruik en die korrekte verwysingstegnieke toe te pas.

EDDM 511/521 BASIESE NAVORSING VIR DIE KLASKAMER(12 krediete)

2 ure 40:60

Na suksesvolle voltooiing van die module, sal leerders:

- Basiese en universele navorsingbeginsels, asook die spesifieke beginsels van toepassing op klaskamernavorsing, kan identifiseer en verduidelik;
- Kennis en begrip hê vir gemeenskaplike probleme wat onderwysers in hul daaglikse take die hoof moet bied; en
- Klaskamerprobleme kan isoleer wat navorsing en insig verg.

EDIM 511 TEGNOLOGIEGEBRUIK IN DIE ONDERWYS (12 krediete)

2 ure 40:60

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet leerders:

- Tegnologie kan definieer asook die doelwitte met die gebruik daarvan in die onderwysstelsel;
- Die ontwerpproses kan definieer asook die wyse waarop tegnologiese vermoë ontwikkel word;
- Tegnologie as 'n sisteem kan beskryf; en.
- Die onderdele van 'n stelsel kan lys en beskryf.

EDIM 512 HULPBRONNE EN TEGNOLOGIE (12 krediete)

2 ure 40:60

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet leerders:

- Mense as instrumentmakers en -gebruikers kan bespreek;
- Die verskil tussen 'n instrument, meganisme en masjien kan identifiseer;
- Die tipe instrumente wat in baie areas van die samelewing gebruik word, kan beskryf;
- Die hoof tipes gereedskap kan lys, beskryf en voorbeelde van gee; en
- 'n As, hefboom en rat se gebruik as kragverhogers kan beskryf.

EDIM 513 MATERIALE, GRAFIKA EN TEGNOLOGIE (12 krediete)

2 ure 40:60

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet leerders:

- Natuurlike materiale in ingenieurswese kan identifiseer en beskryf;
- Die verskil tussen hernubare en uitputbare materiale kan beskryf; en
- Die belangrikste metodes vir die verwerking van rou materiale, kan verduidelik.

EDIM 524 TEGNOLOGIE, MENSE EN DIE SAMELEWING (12 krediete)

2 ure 40:60

Na afloop van die module, sal leerders:

- Die karaktereenskappe van individue in 'n tegnologie-gedrewe wêreld ken;
- Vaardighede en die toepaslikheid daarvan in spesifieke poste verstaan; en
- Tegnologie, mense en die samelewing se verband verstaan.

EDIM 525 ENERGIE EN TEGNOLOGIE (12 krediete)

40:60

Leerders sal kennis dra van 'n wye verskeidenheid energiebronne en die gebruik van gereguleerde energie (krag).

EDIM 526 LEER- EN ONDERRIGSTRATEGIEË VIR TEGNOLOGIE-ONDERWYS (24 krediete)

3 ure 40:60

Na afhandeling van die module, moet leerders:

- UGO en die Nasionale Kurrikulumveklaring ten opsigte van tegnologie-onderwys verstaan;
- Lesbeplanning en -aanbieding kan doen;
- Onderrigstrategieë kan ontwikkel;
- Onderrigvaardighede vir tegnologie ontwikkel; en
- Praktiese werk met tegnologie kan doen.

**EDIM 579 BEGELEIDE PRAKTIESE PROJEC: TEGNOLOGIE-ONDERWYS
(24 krediete)**

3 ure 40:60

Leerders moet na voltooiing van die module:

- Hul nuwe kennis kan toepas;
- 'n Mini-projek vir tegnologie-onderwys ontwikkel en uitskrif; en
- Verbetering in hul onderrig toon.

EDSM 511 PROFESSIONELE GROEI EN ONTWIKKELING (EDS 651) (12 krediete)

2 uur 40:60

Na voltooiing van die module sal leerders:

- Professionalisme kan definieer;
- Professionele groei en lewenslange leer kan verduidelik; en
- Aktiwiteite wat professionele groei bevorder kan identifiseer en gewillig wees om daaraan deel te neem.

**EDSM 522 MENSlike VERHOUDINGe EN SKOOL-ONTWIKKELING (EDS 652)
(12 krediete)**

2 uur 40:60

Na afhandeling van die module, sal leerders:

- Beginsels van hulpbronbestuur verstaan en kan toepas; en
- Gepaste interpersoonlike verhoudinge kan ontwikkel in die praktyk (met leerders, ouers en personeel) om 'n positiewe bydrae lewer tot skoolontwikkeling.

EDSM 523 BESTUUR EN DEELNAME AAN BUIE-KURRIKULêRE- EN MEDE-KURRIKULêRE AKTIWITEITE (EDS 653) (6 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module sal leerders:

- Geselekteerde buite-kurrikulêre- en mede-kurrikulêre aktiwiteite doeltreffend kan identifiseer en aan deelneem om ontwikkeling van die skool as geheel te bevorder; en.
- 'n Doeltreffende bydra kan lewer tot die ontwikkeling en bestuur van sport-, kultuur- en ander skoolaktiwiteite..

EDSM 524 SKOOL- EN PERSONEELBESTUUR (EDS 654) (6 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module, sal leerders:

- Kennis en insig hê van die proses en vaardighede wat vereis word in onderwys-personeelbestuur. Die kwessies en uitdagings rondom personeelbestuur krities kan analiseer;
- Die ontwikkeling en bestuur van ontwikkelings- en mentorprogramme vir personeel verseker deur gebruik te maak van demokratiese beginsels; en
- Toewyding en vertroue vir personeelontwikkeling by ander personeellede kan inspireer en opbou.

EDSM 525 BESLUITNEMING EN AANSPREEKLIKHEID (EDS 655) (12 krediete)

2 uur 40:60

Na voltooiing van die module moet leerders:

- Die besluitnemingsproses en die uitwerking wat dit op skoolwerkzaamhede het kan verduidelik;
- Doeltreffend kan deelneem aan besluitneming; en
- Demokratiese beginsels en -prosedures kan toepas tydens besluitneming.

EDSM 526 LEIERSKAPKOMMUNIKASIE EN -DIENSTE (EDS 656) (12 krediete)

2 uur 40:60

Na voltooiing van die module moet leerders:

- 'n Kritiese insig van leierskaps- en kommunikasieteorieë toon en dit kan toepas in die klaskamersituasie; en
- Vertroue, toewyding, inisiatief en kreatiwiteit aan die dag lê tydens die uitvoering van hul leierskaps- en diensrolle binne die skoolsituasie.

EDSM 527 ONDERWYSBESTUUR EN-ONTWIKKELING (EDS 657) (12 krediete)

2 uur 40:60

Na voltooiing van die module, moet leerders:

- Die funksie van bestuur kan definieer;
- Die wyse waarop onderwysbeleid geformuleer word, kan verduidelik;
- Verskeie benaderings ten opsigte van onderwysbeplanning en -bestuur kan toepas; en
- 'n Oorsig kan gee van die rol van strategiese beplanning vir suksesvolle onderwysbestuur.

EDTM 511 SKEPPING VAN 'N POSITIEWE OMGEWING (EDT 651) (12 krediete)

2 uur 40:60

Na voltooiing van die module moet leerders:

- Kennis kan toepas van die verskillende tipe leeromgewings. 'n Positiewe fisiese omgewing vir leer kan skep;
- 'n Gepaste emosionele leeromgewing bevorder vir aktiewe leerderdeelname en -betrokkenheid;
- Positiewe onderwyser-leerderverhoudings kan skep wat regverdige en ferm dissipline insluit; en
- Vertroue kweek by en rolmodelle wees vir (skool)leerders.

**EDTM 512 KENNIS VAN KURRIKULUM- EN LEERPROGRAMME (EDT 652)
(12 krediete)**

2 uur 40:60

Na voltooiing van die module, moet die leerder:

- Bevredigende kennis hê van leerareas asook positiewe insig toon in die kurrikulumproses om betekenisvolle leerervaringe te skep;
- Die faktore wat kurrikulumontwikkeling en -implimentering beïnvloed kan bespreek; en

- Leerprogramme gebaseer op die nuwe Nasionale Kurrikulum kan ontwikkel;
- Kennis kan toepas in die gebruik van gepaste leermateriale vir die kurrikulum; en
- Relevante strategieë kan toepas tydens kurrikulumevaluering en -implementering.

EDTM 513 KURRIKULUM- EN ADMINISTRASIE VAN SKOOLREKORDS EN -BRONNE (EDT 653) (6 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module sal leerders:

- Belangrike konsepte en prosesse betrokke by die gebruik van hulpbronne en rekords by onderwysinstellings, met insig kan toepas;
- Kennis dra van die bestaan en gebruik van 'n verskeidenheid hulpbronne en dokumente wat beskikbaar is by opvoedkundige instellings;
- Die rol wat bestuur van hulpbronne en dokumente het in die suksesvolle implementering van UGO, krities kan analiseer; en
- Kennis wat verwerf word deur effektiewe rekordhouding kan toepas vir 'n vlot funksionerende instelling.

EDTM 514 LESBEPLANNING EN -AANBIEDING (EDT 654) (6 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module, sal die leerder:

- Effektiewe voorbereiding en beplanning vir UGO-lesse in logies samehangende stappe kan doen;
- 'n Leerprogram, werkskedule en lesplan kan voorberei volgens UGO-spesifikasies; en.
- Doeltreffend rekordhou van die beplanning vir leerdervordering.

EDTM 515 ASSESSERING- EN LEERDERPRESTASIE (EDT 655) (12 krediete)

2 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module, sal leerders:

- Assesseringstegnieke wat effektiewe onderrig en leer bevorder, kan toepas;
- Effektiewe monitering van leerdervordering kan doen en individuele groei en ontwikkeling versterk deur effektiewe rekordhouding en die toepassing van verskeie tegnieke;
- Verskeie assesseringstegnieke kan gebruik.

ENRG 521 TOEGEPASTE VAKDIDAKTIEK VAN ENGELS: SENIOR- EN VOO-FASES (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van die module sal die leerders in staat wees om die nodige kennis, vaardighede en waardes te demonstreer in lesbeplanning en -aanbieding in die Senior- en VOO-fases, sowel as om vertrouwd te wees met die onderwysmetodes van literatuur (alle genres) en die UGO-assesseringstegnieke en metodes.

ETTM 511 BASIESE REKENAARGELETTERDHEID (12 krediete)

2 ure 40:60

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die leerder:

- Kennis demonstreer van die evolusie van rekenaars;
- Die toepassing van rekenaars as onderrigsinstrument;
- Basiese kennis demonstreer van 'n multi-mediastelsel; en
- Kennis dra van die rekenaar professionele etiese kode.

EUCE 511 EINDGEBRUIKER REKENAARWETENSKAP VIR ONDERWYSERS

(8 krediete)

1½ ure 40:60

Na suksesvolle voltooiing van die module, sal die leerder::

- 'n rekenaar kan definieer;;
- verskeie onderdele van 'n rekenaar kan benoem en beskryf;
- vaardige en doeltreffende gebruik van die volgende toon:
 - a. 'n woordverwerkingsprogram
 - b. 'n sigbladprogram
 - c. 'n grafiese program
 - d. 'n e-posprogram
 - e. 'n webblaai- en soekenjins;
- insig hê en die gebruik van rekenaars in die onderwys kan verduidelik; en
- insig hê en aspekte rondom die veilige en etiese gebruik van rekenaars kan verduidelik.

FROF 571 GRONDSLAGFASE UGO: INLEIDING (32 krediete)

3 uur 40:60

Leerders demonstreer kennis, vaardighede en gesindhede ten opsigte van die implementering van die Hersiene Nasionale Kurrikulum Verklarings.

FROG 571 GRONDSLAGFASE UGO: TOEPASSING (32 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van die module sal die leerders UGO en die Nasionale Hersiene Kurrikulum Verklarings kan implementeer, toepas en assesser.

FROL 571 GRONDSLAGFASE TEGNOLOGIE (32 krediete)

3 uur 40:60

Die leerders behoort na voltooiing van hierdie module 'n grondige kennis te kan demonstreer betreffende die tegnologie:die gebruik van kennis, vaardighede en bronne om die mens se behoeftes en begeertes te bevredig. Leerders sal ook vaardighede demonstreer rondom probleem-identifisering, en probleemoplossing deur produkte, prosesse en stelsels te ondersoek, beskryf te ontwikkel en te evalueer vir die *grondslag* skoolfase.

FROP 571 UGO EN TAALONDERRIG (32 krediete)**3 uur 40:60**

Leerders behoort kennis, vaardighede en houdings in die implementering van UGO in die taalklaskamer te demonstreer. Hulle moet ook in staat wees om die kurrikulêre proses te implementeer, temas te identifiseer, taalfunksies, nosies en strukture (asook die implementasie daarvan) in die beplanning van 'n les wat die UGO-beginsels byhou, in te sluit.

FROS 571 KLASKAMERBEPLANNING MET DIE NKV (32 krediete)**3 uur 40:60**

Studente moet in staat wees om die volgende kennis, vaardighede, waardes en gesindhede te demonstreer:

- Die beginsels van die UGO benadering
- Die ontwikkeling en implementering van UGO in Suid-Afrika
- 'n Kritiese evaluering van UGO
- UGO terminologie
- Die NKV: beginsels, strukture, konsepte en toepassing
- Kurrikulumbepanning
- Assessering en die beplanning vir assessering
- Die rolle van die onderwyser
- Die leersiklus
- Die identifisering van onderrig-leergeleenthede en die toepassing van metodologiese beginsels

FSET 511 GRONDSLAESTUDIES (8 krediete)**1½uur 40: 60**

Na voltooiing van hierdie module sal leerders:

- hul kennis sistematies in verband kan bring met die mikro- en makro faktore wat histories die ontwikkeling van opvoeding beïnvloed het;
- die vermoë kan demonstreer om die geskiedenis van opvoeding en die faktore wat dit beïnvloed het in verband te bring met 'n persoonlike opvoedingsfilosofie en te bewys deur middel van voorbeelde uit die onderwyspraktyk;
- die vermoë hê om navorsing te doen en verslag te lewer oor die verskil tussen *politieke demokrasie* en *demokratiese opvoeding*, en ook krities en selfstandig die komplekse aard van demokratiese opvoeding in die klaskamer te evalueer, spesifiek ten opsigte van verskillende vorme van diskriminasie;
- die komplekse probleme as gevolg van die eise wat demokrasie aan die morele kapasiteit van onderwysers en leerders stel, hul persepsie van hul morele plig en die kompleksiteit rondom die vestiging van waardes in Suid-Afrikaanse skole, te kan interpreteer en oplossings voor te stel.

GBGK 511 GEVORDERDE BEVOLKINGSGEOGRAFIE EN STEDEDELIKE GEOGRAFIE (16 krediete)**3 uur 40:60**

Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die in

Bevolkingsgeografie die demografiese oorgang en gelykstelling, bevolkingsverspreiding, - data en –projeksies te kan bespreek. By stedelike geografie die intrastedelike struktuur, stedelike diversiteit, stedelike probleme en sentrale plek verval te kan verduidelik en bespreek.

Prakties: Leerders moet kan demonstreeer dat hulle kwantitatiewe kaarttegnieke kan toepas.

GGGK 521 VAKMETODIEK VAN GEOGRAFIE B (16 krediete)

3 uur 40:60

Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om Omgewingsopvoeding te kan beskryf en te kan toepas, asook probleemoplossingsmetodes, konsepvorming en onderrig-leertegnieke in Geografie te kan bespreek.

GKLG 521 GEVORDERDE KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE (16 krediete)

3 uur 40:60

Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om by Klimatologie die weerversteurings, plaaslike weersverskynsels, stedelike klimaat en klimaatsklassifikasie te kan bespreek. By Geomorfologie die interne en eksterne kragte wat die aarde verander te kan beskryf asook die vorming van grond, grondprofiel en fisiese kenmerke van grond te kan bespreek.

Prakties: Leerders moet kan demonstreeer dat hulle kwantitatiewe bewerkinge kan toepas.

GSGK 511 VAKMETODIEK VAN GEOGRAFIE A (16 krediete)

3 uur 40:60

Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die Uitkomsgebaseerde benadering vir Geografie te kan toepas, asook die gebruik van atlasse, hulpmiddels, ekskursies en werkskaarte in Geografie te kan bespreek.

HIVA 521 HIV/VIGS: WETGEWING, BERADING EN ONDERSTEUNING (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na die voltooiing van hierdie module behoort die leerder moet in staat wees om:

- die wetgewing ten opsigte van die hantering van HIV/VIGS in skoolverband te verstaan, die regte en verpligtinge van die HIV/AIDS positiewe leerders en opvoeders te ken en die beskerming van leerders en opvoeders binne die skool te bevorder.
- vaardighede te toon om riglyne vas te stel vir 'n verantwoordbare, gesonde skoolomgewing vir leerders met MIV/VIGS
- kennis en vaardighede te ontwikkel om sorg en berading toe te pas
- die vaardigheid te bekom om vir die leerder met MIV/VIGS 'n individuele opvoedkundige program te kan ontwerp

LOBO 571 BURGERSKAP-OPVOEDING (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om sy/haar verstaan van verantwoordelike burgerskap te demonstreer ten opsigte van onderrig en leer en die bou van 'n inklusiewe gemeenskap

LOCK 571 PERSOONLIKE WELSTAND: FISIESE GESONDHEID EN REKREASIE (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na die voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om 'n verband te trek tussen lewensvaardighede en die onderwys en om insig te demonstreer rakende bepaalde aspekte van die welstand van die ek.

LOHA 571 PERSOONLIKE WELSTAND: GESONDHEID EN VIGS (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis, vaardighede en waardes te demonstreer in die onderrig-leerproses van leerders om gesondheidsorg te verstaan en toe te pas rakende voeding, versorg, fisiese aktiwiteite, dwelms, geslagsiektes en HIV/VIGS.

LSED 518 EMOSIONELE EN ANDER HINDERNISSE IN ONDERWYS (16 krediete)**3 uur 40:60**

Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- kennis te demonstreer van leerders wat emosionele en ander probleme beleef
- erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, die skool, die familie en die gemeenskap vir die ondersteuning van leerders wat hindernisse tot leer beleef
- basiese beradingsbeginsels toe te pas en vaardighede en die ondersteuning van leerders wat emosionele en ander hindernisse tot leer beleef

LSDL 528 GESTREMDHEDE EN LEERHINDERNISSE IN ONDERWYS (16 krediete)**3 uur 40:60**

Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- begrip van gestremdhede en leerprobleme as hindernisse tot leer te demonstreer
- leer verskille te erken wat individuele leerders toevoeg tot die klas en hoe hierdie leer verskille leer en onderrig praktyke en prosesse kan ondersteun
- erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, skool, die familie en die gemeenskap wat verseker dat alle leerders wat hierdie en ander hindernisse tot leer beleef toegang sal hê tot die kurrikulum.

LSIE 518 INKLUSIEWE ONDERWYS: 'N BELEIDSPERSPEKTIEF (16 krediete)**3 uur 40:60**

Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- Kennis te demonstreer aangaande die inklusiewe onderwys beleid (onderwys witskrif 6), met spesifieke verwysing na die voorgestelde ondersteuningstruktuur, sowel as die konsep van hindernisse wat leer en ontwikkeling beïnvloed;
- Skool gebaseerde ondersteuning toe te pas aan leerders wat hindernisse tot leer beleef deur middel van 'n geïntegreerde span benadering;
- Kurrikulum differensiasie en assesseringstrategieë in 'n inklusiewe klaskamer te verstaan en toe te pas.

LSSH 528 SOSIALE- EN GESONDHEIDSKWESSIES IN ONDERWYS(16 krediete)**3 uur 40:60**

Na die voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:

- begrip te demonstreer van leerders wat sosiale en gesondheidsprobleme beleef as hindernisse tot leer;
- 'n gesondheidsbevordering-benadering in skool en klaskamer konteks toe te pas om leerders te ondersteun wat hindernisse tot leer, beleef; en
- erkenning te gee aan die rol van die onderwyser, die skool, die familie en die gemeenskap vir die ondersteuning van leerder wat hierdie en ander hindernisse tot leer beleef.

MLED 571 WISKUNDE:ELEMENTÊR (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na voltooiing van die module, moet die leerder:

- Lineêre, kwadratiese, polinoom-, eksponensiële, logaritmiëse en trigonometriëse funksies kan toepas deur genoemde funksies op verskillende wyses voor te stel, asook die interpretasie van die funksies in lewenswerklike kontekste;
- Trigonometrie en meetkunde deur lewenswerklike probleme op te kan los deur gebruik te maak van twee- en driedimensionele figure;
- Elementêre statistiek deur die insameling, samevatting, voorstelling, analisering en interpretasie van data, voorspelling van uitkomst van gebeure te kan maak en waarskynlikhede kan bepaal, asook die toepassing daarvan in lewenswerklike probleme;
- Die natuurlike getalle, heelgetalle, rasionale getalle, reële getalle, asook die motivering vir die uitbreiding van een getalstelsel na 'n ander; en die toepassing van hierdie kennis in lewenswerklike situasies.

MLED 572 DIDAKTIEK VAN WISKUNDIGE GELETTERDHEID (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na afhandeling van hierdie module behoort die leerder grondige kennis en insig ten opsigte van die inhoud en struktuur van die wiskundige geletterdheidskurrikulum te kan toepas in die beplanning en uitvoer van onderrig-leergeleenthede in uitkomsgebaseerde klaskamers, insluitend die ontwikkeling en gebruik van onderrigleermedia, asook geïntegreerde assessering.

MLED 573 WISKUNDE:TOEPASSINGS (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na afhandeling van hierdie module moet die leerder in staat wees om sistematiese kennis en nuutverworwe insig te demonstreer deur

- Analitiese meetkunde (kegelsnedes) te kan toepas in die oplos van lewenswerklike probleme;
- Verbande te kan aantoon tussen sferiese- en analitiese meetkunde en dit kan gebruik in die oplos van probleme; en
- Die afgeleides van eenvoudige en saamgestelde funksies toe te pas in die oplos van lewenswerklike probleme (teken van grafieke, optimalisering).

MLED 574 WISKUNDIGE GELETTERDHEID IN KONTEKS (32 krediete)**3 uur 40:60**

Na afhandeling van hierdie module behoort die leerder grondige kennis en verworwe insig in wiskundige geletterdheid te toon met betrekking tot die historiese ontwikkeling van wiskunde en die gebruik van wiskunde in die wêreld van werk, die alledaagse lewe en in verskillende kulture, insluitend etno-wiskunde.

NCHK 511 CHEMIE VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS (A) (16 krediete)**3 ure 50:50**

Na voltooiing van hierdie module sal die leerder 'n goeie teoretiese kennis en konseptuele begrip hê van basiese chemiese beginsels, soos wat dit vereis word deur die relevante nasionale kurrikulum, bv. die toepassing van wiskunde in chemie, die teoretiese molekulêre teorie, algemene chemiese reaksietipes, stoichiometrie, atoomteorie, molekulêre struktuur en intermolekulêre kragte. Die leerder moet chemiese beginsels in nuwe kontekste en in geselekteerde praktiese probleem-situasies kan toepas.

NCHK 521 CHEMIE VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS (B) (16 krediete)**3 ure 50:50**

Na voltooiing van hierdie module, sal die leerder 'n goeie teoretiese kennis en konseptuele begrip hê van basiese chemiese beginsels, soos wat dit vereis word deur die relevante nasionale kurrikulum, bv. basiese organiese chemie en die toepassings van reaksietempo en ewewig op suur-basisreaksies, neerslagreaksies en elektrochemie. Die leerder moet in staat wees om chemiese beginsels in nuwe kontekste en in geselekteerde praktiese probleem-situasies te kan toepas.

NDNK 512 DIDAKTIEK VAN FISIKA (8 krediete)**1½ uur 50:50**

Na voltooiing van hierdie module, sal die leerder 'n goeie teoretiese kennis van konstruktivisme hê, soos wat dit toegepas word in fisika, asook die alternatiewe konsepte wat die leer van fisika beïnvloed. Leerders sal ook geleentheid kry om die inhoud van die relevante nasionale kurrikulum te evalueer ten opsigte van aspekte soos inhoud, vlak, ontwikkelingslyn en vereiste voorkennis.

NDNK 522 DIDAKTIEK VAN CHEMIE (8 krediete)**1½ uur 50:50**

Na voltooiing van hierdie module, sal die leerder 'n goeie teoretiese kennis van konstruktivisme hê, soos wat dit toegepas word in chemie, asook die alternatiewe konsepte wat die leer van chemie beïnvloed. Die leerder sal vertrou wees met 'n verskeidenheid onderrigstrategieë en assesseringstegnieke wat in natuur- en skeikunde asook met die beginsels van effektiewe laboratoriumbestuur, -veiligheid en -organisasie.

NDSK 521 DIDAKTIEK VAN NATUURWETENSKAP INTERMEDIÊR (16 krediete)**3 uur 50:50**

Na voltooiing van hierdie module, moet die leerder die kennis, vaardigheid en waardes wat verband hou met wesenlike aspekte van onderwys, leer en die gebruik van onderwys hulpmiddels op intermediêre- en senior vlakke, kan demonstreer. Die leerder sal 'n grondige teoretiese kennis van konstruktivisme se toepassing op fisika en chemie op hierdie vlakke hê; asook die manier waarop alternatiewe beskouinge impakteer op die leer van hierdie vakke. Leerders sal ook die geleentheid hê om die inhoud van die relevante nasionale kurrikulum ten opsigte van inhoud, vlak, ontwikkelingslyn en vereiste voorkennis, te verken. Die leerder sal vertrou wees met 'n verskeidenheid opleidingstrategieë en assesseringstegnieke wat toegepas kan word in algemene wetenskap. Bykomend sal die leerder vertrou wees met die beginsels van effektiewe laboratoriumveiligheid, organisering en bestuur.

NDWK 522 DIDAKTIEK VAN WISKUNDE (AOO-band) (16 krediete)**3 uur 40:60**

Die leerder behoort na afloop van die module sy kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreer ten opsigte van onderrig- en leerstrategieë, sowel as om tegnologiese- en leerhulpmiddele vir die leer van Wiskunde op intermediêre en seniorvlakke te kan gebruik. Die leerder sal ook in staat wees om sy verworwe kennis en vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Wiskunde in die AOO- band toe te pas.

NEBK 511 DIE AARDE EN DAAR BUITE VIR WETENSKAP (16 krediete)**3 uur 50:50**

Die leerder sal na die voltooiing van die module toegerus wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Geografie en Geologie wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.

NECK 521 ENERGIE EN VERANDERING VIR WETENSKAP (16 krediete)**3 uur 50:50**

Na afloop van hierdie module sal die leerder in staat wees om die ontwikkeling van temas rondom energie en verandering, die noodsaaklike aspekte van Fisika en verwante leerervarings, in die AOO-band te fasiliteer.

NFSK 511 FISIKA VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS (A) (16 krediete)

3 ure 50:50

Na voltooiing van hierdie module, moet die leerder 'n goeie teoretiese kennis en konseptuele begrip hê van basiese fisikabeginsels, soos wat dit vereis word deur die relevante nasionale kurrikulum, bv. kinematika, dinamika, arbeid, energie, krag en momentum, golwe, lig en klank, temperatuur en warmte, asook atoom- en kernfisika. Die leerder moet die fisikabeginsels kan toepas in nuwe kontekste en geselekteerde praktiese probleemsituasies.

NFSK 521 FISIKA VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS (B) (16 krediete)

3 ure 50:50

Na voltooiing van hierdie module, sal die leerder 'n goeie teoretiese kennis en konseptuele begrip hê van basiese fisikabeginsels, soos wat dit vereis word deur die relevante nasionale kurrikulum, bv. elektrostatika-, elektrodinamika- en elektromagnetiese induksie. Die leerder moet die fisikabeginsels in nuwe kontekste en geselekteerde praktiese probleemsituasies kan toepas.

NLLK 521 LEWE EN LEWENSWYSE VIR WETENSKAP (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 50:50

Die leerder sal na die voltooiing van die module toegerus wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Plantkunde, Dierkunde en Fisiologie wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.

NMMK 521 MATERIE EN MATERIALE VIR WETENSKAP (16 krediete)

3 uur 50:50

Die leerder sal na die voltooiing van die module in staat wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Chemie betreffende materie en materiaal, in die AOO-band te fasiliteer.

NWPK 511 GETALONTWIKKELING (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om deur middel van fasilitering 'n sin vir syfers en breuke by sy leerders te ontwikkel, asook om die vier tipe berekenings in die AOO-band te fasiliteer.

NWPK 512 GRONDSLAE VAN ALGEBRA (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die fundamentele beginsels van Algebra by sy leerders tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWPK 521 MEETKUNDIGE ONTWIKKELING (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die geometriese konsepte by sy leerders tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWPK 522 GRAFIKA EN DATAHANTERING (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die verwerking van probleemoplossingsvaardighede betreffende interpretasie van grafieke en statistiese data aan sy leerders oor te dra deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWSK 513 WISKUNDE VIR GOS (IA) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die onderwyser sal na afloop van hierdie module in staat wees om die vorming van basiese konsepte in algebra, sowel as die ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede in hierdie veld, te fasiliteer.

NWSK 514 WISKUNDE VIR GOS (IB) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die onderwyser sal na afloop van hierdie module in staat wees om die ontwikkeling van die funksiebegrip, sowel as probleemoplossingsvaardighede in hierdie veld, te fasiliteer.

NWSK 523 WISKUNDE VIR GOS (IIA) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die onderwyser sal na afloop van hierdie module in staat wees om die ontwikkeling van konsepte in trigonometrie en analitiese meetkunde, sowel as probleemoplossingsvaardighede in hierdie velde, te fasiliteer.

NWSK 524 WISKUNDE VIR GOS (IIB) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die onderwyser sal na afloop van hierdie module in staat wees om die ontwikkeling van konsepte in differensiaalrekenen en data-analise, sowel as probleemoplossingsvaardighede in hierdie velde, te fasiliteer.

NWSK 525 WISKUNDE VIR GOS (IIC) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die onderwyser sal na afloop van hierdie module in staat wees om die ontwikkeling van konsepte in meetkunde, sowel as probleemoplossingsvaardighede in hierdie veld, te fasiliteer.

OBAK 521 ONDERWYSBESTUURAREAS (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van die module, sal leerders:

- kennis van menslike hulpbronbestuur dra en kan toepas ten opsigte van personeelseleksie,-plasing, -induksie en -evaluering vir doeleindes van personeelontwikkeling;
- Kennis van geregtelike vereistes vir die hantering en generering van skoolfinansies en toepassing van 'n begroting as bestuursinstrument; en
- Kennis toon van die rol van statutêre en nie-statutêre liggame in die insameling, hantering en generering van skoolfinansies.

OBTK 511 ONDERWYSBESTUURSTAKE (16 krediete)**3 uur 40:60**

Na voltooiing van die module, moet die leerder:

- Kennis en begrip toon van die basiese rol van die onderwysleier asook die bestuurspan vir die implementering van onderwysbeleid en ontwikkeling van skoolbeleid met insette van belanghebbendes;
- Elementêre kennis en begrip toon van die onderwysleier se bestuurstake ten opsigte van beplanning, besluitneming, koördinerende en beheer in die konteks van die samewerkings- en demokratiese skoolmilieu wat belanghebbendes betrek;
- Kennis en begrip toon van die kommunikasieproses en impak daarvan op die skoolgemeenskapsbetrekkinge, asook die individu se verhouding met die skool; en
- Kennis en begrip toon van die eksterne en interne faktore wat 'n impak het op die motivering en demotivering van onderwysers inaggenome die inhoud van motiveringsteorieë.

ORAK 511 ONDERWYSREG, -STELSELS EN -ADMINISTRASIE A (8 krediete)**1½ uur 40:60**

Aan die einde van hierdie module moet die leerder kennis, vaardighede en insig demonstreer met betrekking tot die skool as organisasie en die onderwys as professionele. Verder moet die leerder die onderwyser se verhouding met sy/haar werkgewer kan ontleed deur veral te fokus op die diensvoorwaardes van die onderwyser.

ORAK 521 ONDERWYSREG, -STELSELS EN -ADMINISTRASIE B (8 krediete)**1½ uur 40:60**

Aan die einde van hierdie module moet die leerder kennis, vaardighede en perspektief kan demonstreer om as bestuurder in die onderwys op te tree. Die leerder moet ook die nodige kennis van die onderwysreg demonstreer en te alle tye korrek op te tree as onderwysers wat betref sy/haar regte en verpligtinge. Verder moet die leerder ook bewus wees van die besondere eise wat aan die beginneronderwyser gestel word en die nodige strategieë kan implementeer om sy/haar toegang tot die professionele so effektief moontlik te laat verloop.

ORGK 522 INLEIDENDE ONDERWYSREG (16 krediete)**3 uur 40:60**

- Die student sal bekend wees met die terminologie, bepalings van relevante wetgewing, ander bronne van onderwysreg, en sal ook bekend wees met relevante aspekte van die arbeidsreg in die onderwys.
- Die student sal in staat wees om in ooreenstemming met onderwysregtelike bepalings en beginsels op te tree in sy of haar posisie as onderwysbestuurder of opvoeder, en sal onderwysreg korrek kan toepas.
- Verder sal die student die regte en verpligtinge van leerders, sowel as sy of haar eie regte en verpligtinge ken en verstaan, en sal instaat wees om die veiligheid van leerders in die skoolsituasie te bevorder in die uitvoering van die taak van sorgsame toesig.

ORLK 511 ONDERRIG EN LEER (A) (8 krediete)**1½ uur 40:60**

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders hulle kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig en leer te demonstreer deur: onderskeidelik die inligtingverwerkings- en konstruktivistiese benaderings tot leer te beskryf en met mekaar te vergelyk; die kognitiewe, metakognitiewe en motiveringsveranderlikes wat bydra tot effektiewe leer te beskryf en te ontleed; die bydrae van 'n interaktiewe onderrigbenadering, met inbegrip van koöperatiewe leermodelle en geskikte onderrigleermetodes en –media, en kontinue assessering tot effektiewe onderrigleerstuasies te beskryf, ontleed en te illustreer.

ORLK 521 ONDERRIG EN LEER (B) (8 krediete)**1½ uur 40:60**

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders hulle kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig, leer en die kurrikulum te demonstreer deur: effektiewe leer te ontleed aan die hand van 'n model van die effektiewe leerder; motivering volgens die attribusieteorie en selfdoeltreffendheidsoortuigings kan verduidelik en ontleed; die bydrae van effektiewe kurrikulering, soos vergestalt in die kurrikulumsiklus, tot doeltreffende onderwys te beskryf, ontleed en te illustreer.

OSRK 511 ONDERWYSORGANISASIES (16 krediete)**3 uur 40:60**

Na voltooiing van die module, moet leerders:

- Die aard en funksionering van die onderdele van onderwysstelsel verstaan in verhouding tot beslissende faktore, sosiale strukture en die onderwysproduksieproses, om sodoende Suid-Afrika met ander onderwysstelsels te kan vergelyk;
- Kennis en begrip toon van die skool as organisasie en bewys lewer van insig in die verskillende perspektiewe van skool as organisasie;
- Konsepte rondom skoolklimaat en –kultuur kan analiseer en die vestiging en fasilitering daarvan kan verduidelik;
- Vaardigheid toon in die kernaspekte en bestuur van verandering, asook verset teen verandering in die onderwyskonteks; en
- Die vermoë hê om relevante teoretiese kwessies in praktyk te kan toepas.

PCLM 521: SKOOLLEIERSKAP EN –BESTUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS (10 krediete)**1½ uur**

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die leerder::

- 'n oorsig van die kursus kan gee;
- 'n basiese begrip toon van die omvang van skoolbestuur en –leierskap in Suid-Afrika; en
- sy/haar eie vermoë in bestuur en leierskap kan assesseer (in terme van bevoegdheid en relevansie in Suid-Afrika ten opsigte van bestuur en leierskap)..

PCTL 572: ONDERRIG- EN LEERBESTUUR (10 krediete)**1½ uur**

Na suksesvolle voltooiing van die module, sal die leerder:

- persoonlike en professionele eienskappe toon wat nodig is vir effektiewe bestuur van onderrig en leer;
- die beplanning, implementering en monitering/evaluering van onderrig bestuur (om kwaliteit leer te verseker in die konteks van nasionale, provinsiale en skoolbeleid);
- insig hê en die relevante inhoud kan toepas (in die ontwerp, implementering en evaluering van onderrig en leer, asook die organisasie van die skoolomgewing); en
- 'n veilige, simpatieke en gedissiplineerde omgewing skep, bestuur en handhaaf (en verbinten tot die deurvoering van die wyse waarop onderrig en leer georganiseer word).

PCMP 571: MENSELEIDING EN BESTUUR (20 krediete)**3 ure**

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die leerder::

- die eienskappe toon wat benodig word om mense effektief te kan lei en bestuur;
- werk wat deur groepe, spanne en individue onderneem word, beplan, toewys en evalueer (om duidelike delegasie van take en afwenteling van verantwoordelikhede te verseker);
- eie professionele vaardighede asook die van groepe en individue ontwikkel om hul prestasie te verbeter (asook die prestasie van die skool);
- 'n omgewing skep wat bevorderlik is vir gemeenskaplike bedinging, samewerking en onderhandeling (en konflik resolusie); en
- relevante inhoud verstaan en kan toepas om mense te lei en bestuur.

PCSR 571: ORGANISASIESTELSLS-, FISIESE- EN FINANSIËLE HULPBRONBESTUUR (20 krediete)**3 ure**

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die leerder:

- persoonlike en professionele eienskappe toon wat benodig word vir effektiewe bestuur van organisasiestelsels, asook finansiële en fisiese hulpbronne;
- organisasiestelsels vir die skool op die been bring, implementeer, in stand hou en evalueer (waar moontlik gebruik maak van gepaste inligting- en kommunikasietegnologie IKT);
- finansiële hulpbronne van die skool op 'n deursigtige en verantwoordbare wyse bestuur; en
- relevante inhoud en vaardighede verstaan en toepas vir die bestuur van organisasiestelsels, asook fisiese en finansiële hulpbronne.

PCDG 572: BELEIDBESTUUR, BEPLANNING, SKOOLONTWIKKELING EN -LEIDING (20 krediete)**3 ure**

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die leerder:

- die eienskappe toon wat nodig is vir effektiewe bestuur (beleid, beplanning, skoolontwikkeling en leiding);

- skoolwaardes, -visie, -missie, -beleide en planne ontwikkel en kommunikeer (op 'n samewerkende wyse en verbintenis daartoe verenig);
- gesonde werksverhoudinge ontwikkel en in stand hou met Skool Beheerliggaam (en ook met die ouers, leerders, die gemeenskap en die departement); en
- relevante inhoudelike kennis verstaan en kan toepas in die leiding en bestuur van beleid, beplanning, skoolontwikkeling en beheer.

**PEPA 512: UITKOMSGEBASEERDE ASSESSERING: BEPLANNING UITVOERIG
(15 krediete)**

3 ure

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die student:

- uitkomsgebaseerde assessering verstaan;
- assesserings kan voorberei
- assesserings kan uitvoer;
- terugvoer kan gee oor assesserings; en
- assesserings hersien.

**PFCL 521: BASIESE REKENARGELETERDHEID VIR SKOOLBESTUUR
(4 krediete)**

1 uur NKR-vlak 5

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die leerder:

- 'n rekenaar kan definieer;
- die verskeie onderdele van 'n rekenaar kan benoem en beskryf;
- 'n woordverwerkingsprogram vaardig en doeltreffend kan gebruik;
- 'n sigbladprogram vaardig en doeltreffend kan gebruik;
- 'n grafiese program vaardig en doeltreffend kan gebruik;
- 'n e-posprogram vaardig en doeltreffend kan gebruik;
- webblaaiër en soekenjins vaardig en doeltreffend kan gebruik;
- rekenaargebruik in die onderwys verstaan en kan verduidelik; en
- aspekte ten opsigte van die veilige en etiese gebruik van rekenaars verstaan en kan verduidelik.

PFLS 511 TAALVAARDIGHEID IN SKOOLBESTUUR EN LEIERSKAP (6 krediete)

1½ uur NKR-vlak 5

Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die student vaardigheid toon in lees-, skryf-, luister- en praatvaardighede wat benodig word vir effektiewe skoolbestuur.

SDEK 522 SUBJECT DIDACTICAL ASPECTS OF ENGLISH (16 credits)

3 uur 40:60

Learners should be able to:

- Interpret second language acquisition theories and variables and understand the role they play in second language learning.

- Understand and implement learner-centred principles in the language classroom.
- Interpret and evaluate various methods of teaching English second language.
- Demonstrate knowledge of the principles of outcomes-based teaching and in specific the teaching of language outcomes and skills.
- Apply the basic didactical principles in planning for instruction.
- Demonstrate knowledge and skills regarding the principles of assessment.
- Structure language learning experiences using instructional technology.
- Project professional values in all educational operations.

SSGK 521 SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1948-1994) (16 krediete)
3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder kennis en insigte te hê in die volgende aspekte van die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis: Konsolidering van die apartheid-staat, 1948-1966; Die stryd teen isolasie, 1966-1978; Apartheid by 'n kruispad, 1960-1983; Die aftakeling van Apartheid, 1984-1994.

SVDK 511 TOEGEPASTE, OPVOEDKUNDIGE EN DIDAKTIESE ASPEKTE IN SETSWANA: INTERMEDIÛRE- EN SENIORFASE (16 krediete)
3 uur 40:60

